

2

MY KERK Ons behoort by God

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God mense wat in Jesus glo, deel maak van sy kerk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God maak almal wat in Jesus glo, deel van sy kerk.
- hulle is deel van God se kerk omdat hulle in Jesus glo.
- wat hulle moet doen as hulle deel van die kerk is.

Gesindheid

Die kinders moet lief wees vir God en sy kerk.

Vaardigheid

Die kinders moet kan opnoem hoe hulle by die kerk betrokke behoort te wees.

MEER INLIGTING (Handelinge 2)

Op pinksterdag is die Heilige Gees op die dissipels uitgestort. Jesus het toe alreeds teruggegaan hemel toe. Op pinksterdag was daar mense oor die hele wêreld saam in Jerusalem. Hoewel hulle verskillende tale gepraat het, het hulle in hul eie taal gehoor wat die apostels gepreek het. Petrus het vir die mense vertel van Jesus wat na die aarde gekom het, hoe Hy gekruisig is, begrawe is, uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel. Hy het vir hulle gesê dat Jesus gekom het om vir al die mense van die wêreld se sonde te sterf en dat elkeen wat in Jesus glo, 'n kind van God is. Op daardie dag het meer as drie duisend mense begin om in Jesus te glo. Hulle is gedoop en God het hulle deel van sy kerk gemaak.

Die gelowiges het van toe af elke dag by die huis van die Here bymekaar gekom. Dit was hul tempel, soos ons kerk vandag. Wanneer hulle bymekaar gekom het, het hulle die Here geprys, Hom aanbid, geleer van Hom, vir mekaar gesorg en Nagmaal gehou. Hulle het omgegee vir mekaar. Hulle was so lief vir Jesus dat hulle al hul besittings verkoop het en die geld vir die kerk gegee het om die Here se werk mee te doen. Hulle het veral die armes versorg.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Voorwerp wat so swaar is dat meer as een kind nodig is om dit op te tel.
- Die Liedboek van die Kerk.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 543: 1 en 2 te sing of (verkort) te gebruik as gebed.

*Here Jesus, ek is klein, maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer; laat ek grootword tot u eer.
O Jesus, neem my, o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my en vorm my tot u eer.*

*O Verlosser, maak my sterk, vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly, altyd gaan waar U my lei.
O Jesus, neem my, o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my en vorm my tot u eer. Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- God maak almal wat in Jesus glo, deel van sy kerk. Omdat ons ook in Jesus glo, is ons deel van God se kerk op aarde.
- Vra die volgende vrae:
 - Wie hou van laat slaap?
 - Wie van julle ken kinders wat Sondae gewoonlik laat slaap en nie kerk toe gaan nie?
 - Hoekom behoort ons nie Sondae laat te slaap en net by die huis te bly nie?
- Lei die kinders om by die punt te kom dat hulle besef die Here wil hê dat sy kinders elke Sondag sal saamwees.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel hoe die eerste gemeente tot stand gekom het en dat hulle gereeld bymekaar gekom het.

IETS BELANGRIK

- Skerp die volgende weer by hulle in:
 - Mense van oor die hele wêreld was in Jerusalem saam.
 - Petrus het vir hulle vertel wat Jesus gedoen het.

- Petrus sê: *Elkeen wat in Jesus glo, is 'n kind van God.*
- Baie mense het geglo wat Petrus gesê het.
- God het almal wat geglo het, deel gemaak van die kerk.
- Al die gelowiges het van toe af gereeld by die kerk saamgekom.
- Die Here wil hê dat al sy kinders deel van sy kerk sal wees.
- Hy verwag ook van ons om gereeld kerk toe te kom.
- Hy wil hê dat ons saam in die kerk die Here sal dien en mekaar sal help.
- Laat die kinders Psalm 23: 6b saam hardop sê: *...ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.*
- Lees vir hulle Psalm 84: 1 uit die Liedboek.
- Hou 'n kort dinkskrum en skryf neer wat hulle oor die volgende dink: *Wat dink julle moet ons gereeld op Sondae doen? Lei hulle daartoe om te verstaan dat ons elke Sondag eredienste moet bywoon om saam die Here te prys, tot Hom te bid en meer van Hom te leer.*

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die sinne in hul boeke voltooi deur die volgende woorde te gebruik: *gereeld, van die kerk, kinders van God.*

- Almal wat in Jesus glo, is **kinders van God.**
- Almal wat in Jesus glo, moet deel wees **van die kerk.**
- God wil hê dat ons **gereeld** kerk toe moet gaan.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle –

- vir hul ouers 'n boodskap met hul selfone stuur en vertel waarom hulle gereeld kerk toe wil gaan.
- die kerkgebou in hul boeke inkleur.
- hul ouers vra wat ons Kerk se naam is en dit probeer onthou. Dit is voorlopig voldoende as hulle weet ons is die **Hervormde Kerk**. Noem ook die volle naam vir die kinders wat dit al wil leer: **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.**

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Petrus het vir die mense in Jerusalem oor Jesus gepreek.
- Petrus het gesê: *Elkeen wat in Jesus glo, is 'n kind van God.*
- Baie mense het geglo wat Petrus gesê het.
- God het almal wat geglo het, deel gemaak van die kerk.
- Almal wat geglo het, het van toe af gereeld by die kerk saamgekom.
- Die Here verwag ook van ons om gereeld kerk toe te kom.
- Hy wil hê dat ons Hom in die kerk sal dien en mekaar sal help.
- *...ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.* (Psalm 23: 6b)

AFSLUITING

Sluit af met gebed.